

SKAAPSTEKERS


DR. S. de WAAL



Die Rombiese Skaapsteeker
(*Psammophylax rhombeatus rhombeatus*).



Die Gestreepte Skaapsteeker
(*Psammophylax tritaeniatus*).



Twee soort skaapstekers kom in die Vrystaat voor, te wete die rombiese skaapsteeker (*Psammophylax r. rhombeatus*) en die gestreepte skaapsteeker (*Psammophylax tritaeniatus*). Beide soorte word selde langer as 925 mm en is ovipaar (lê eiers). Agt tot sewentien eiers word in die lente gewoonlik onder 'n klip gelê en die wyfie pas dan die eiers op totdat hulle na ongeveer vier of vyf maande uitbroei.

Skaapstekers is nie aggressief nie en probeer selde om 'n mens te byt wanneer hulle hanteer word. Omdat

hierdie slange se giftande agter in die bokaak sit en gif nie ingespuet word soos in die geval van kobras of adders nie, word hierdie slange nie as giftig beskou nie. Voedsel bestaan hoofsaaklik uit paddas, akkedisse en veral muis.

Die naam "skaapsteeker" is misleidend aangesien hierdie slange nie in staat is om 'n dier so groot soos 'n skaap te dood nie. Dié naam is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat skaapstekers volop aangetref word in weivelde en veral naby krale waar hulle agter muis aankom.